# Wys my die weg, Here

## WELKOM

Gee vir elke jongmens ’n paar kleefnotas en ’n pen. Vra die volgende vraag vir die groep: Wat verwag of vra God van jou?

Die jongmense kan die vraag beantwoord deur een woord of konsep op ’n kleefnota te skryf. Hulle kan soveel notas gebruik as wat hulle wil.

Wanneer almal klaar is, kan hulle kortliks met die groep deel wat hulle op hulle kleefnotas geskryf het. Hou die notas eenkant; julle gaan dit later weer gebruik.

## WONDER

Verduidelik die agtergrond van die teks vir die jongmense.

Lees Miga 6:1-8 saam.

Gesels saam:

- Miga sê God wil hê ons moet doen wat reg is, liefde bewys en nederig die pad saam met Hom loop. Wat beteken dit vir jou persoonlik?
- Watter een van hierdie drie is vir jou die grootste uitdaging? Hoekom?
- Hoe sal dit lyk om dit prakties in jou alledaagse lewe, vriendskappe en familie uit te leef?
- Wat is die verskil tussen wat jy dink mense van jou verwag en wat God van jou vra?

## WEES

Die drie konsepte wat duidelik na vore kom in vandag se teks is: doen wat reg is, bewys liefde en loop die pad nederig saam met God. Neem nou julle kleefnotas en kyk of julle dit wat daarop staan onder een van hierdie hofies kan indeel.

*Opsioneel:* Julle kan ’n plakkaat met drie kolomme maak – een vir elk van hierdie konsepte. Plak dan die kleefnotas in die regte kolom.

Gesels saam:

- Watter tendense sien julle?

- Watter tendense sien julle?
- Watter woorde pas nêrens in nie? Hoekom nie?
- Wat wil julle graag byvoeg?

## WEGSTUUR

Laat elkeen 'n kleefnota kies wat vir hulle iets beteken. As twee mense dieselfde nota kies, skryf nog een. Die jongmense kan hulle nota die week saam met hulle neem en probeer om nederig saam met God te loop.